Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 8, Nr 3, 1978. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# WAPENSTILSTANDSDAG

VDG J. M. HUISAMEN

**The writer paints a picture of what Armistice Day, 11 November 1918 was like. Included are glimpses of the state in which the warring nations found themselves on this date, and the ways in which the restoration of peace was greeted in the various capitals. In conclusion, reference is made to the Armistice Day remembrance services which are conducted every year in most South African centres under the auspices of the MOTH organisation.**

Die laaste dae voor die sluiting van die wapenstilstand op 11 November 1918, was gevul met chaos en kwellings. Vroeg in Oktober het Duitsland sy eerste versoek om die beëindiging van vyandelikhede aan President Wilson van die Verenigde State gestuur. Die voorspellings van die Britse Generale Staf is bewaarheid: toe Duitsland nie meer sy bondgenote kon bystaan nie, het hulle hom verlaat. Bulgarye het reeds op 30 September die wapens, neergelê, Turkye op 30 Oktober. Verder het muitery in die Duitse vloot toegeneem en na die binneland versprei. Die sosialistiesgesinde Friederick Ebert het op 3 November as kanselier oorgeneem en die Keiser het na Holland gevlug. Aan die Westelike Front was die Geallieerdes besig om die oorlog te wen. As laaste alternatief het Oostenryk hom by Duitsland gevoeg in laasgenoemde se versoek om vrede.

Die oorlog sou op 'n eienaardige manier tot 'n einde kom. Die Verenigde State wat die kleinste oorlogslas gedra, en eers betreklik laat tot die stryd toegetree het, het die voorwaardes vir beide partye neergelê. President Wilson het in die vredesonderhandelings opgetree as 'die onpartydige bemiddelaar'; nie slegs uit hoofde van sy posisie as staatshoof van die sterkste mag ter wêreld nie, maar ook omdat die Geallieerdes geen langtermyn doelstellinge gehad het wat betref die oorlog met Duitsland nie. Oorwinning in die stryd was ál strewe. In die geheim wou Frankryk wel die Ryn bekom, en het Brittanje gehoop om die Duitse kolonies in te palm.

Die doel van die wapenstilstand was suiwer militêr van aard. Dit moes die vyandelikhede beëindig en verseker dat Duitsland nie ter gelegener tyd sy militêre bedrywighede voortsit nie. Daar moes dus noodwendig streng by die bepalings gehou word. In die proses van onderhandeling het Brittanje beheer verkry oor die Duitse vloot en het Frankryk die Rynland bekom. Die Geallieerdes het nie aangedring op die ontbinding van die Duitse leër nie. Trouens dit wil voorkom asof die Geallieerdes aanvaar het dat die Duitse Weermag op sy knieë gedwing was, want na die Britse oorwinnings by Selle en Sambre, was die Duitse leër in 'n betreurenswaardige toestand.

'Every road was littered with broken down motor trucks, guns, machine guns, and trench mortars. Great stacks of supplies and military stores of all kinds were abandoned. Every railway line was blocked with loaded trucks which the Germans had been unable to remove. The sixty miles of railway in the valley of the Meuse between Dinant and Mézières was filled from end to end with a continuous line of German freight trains carrying guns, ammunition, engineering equipment and other paraphernalia. On the Belgian canals alone over eight hundred fully charged military barges were found. It is beyond dispute that on November 11th the lines of communication immediately behind the German armies had been thrown into complete disorder by the streams of traffic which were converging on the Meuse bridges, disorder greatly intensified by the attacks of Allied airmen. The German armies, unable to resist on the fighting front, could no longer retreat in good order* .....'

Op 11 November 1918 het die Eerste Wêreldoorlog formeel tot 'n einde gekom met die ondertekening van die wapenstilstandsooreenkoms in die woud van Compiègne.

In die Geallieerde lande was groot vreugde. Alle werk is gestaak vir die dag. 'n Uitbundige kermisatmosfeer het skares in die strate laat saamdrom. Op Trafalgarplein het Kanadese soldate 'n vreugdevuur aangesteek aan die voet van Nelson se standbeeld. Die feesvierings het nog twee dae aangehou en later so verwoestend van aard geword dat die polisie die massas van die strate moes verwyder.

* J. Terraine, *Impacts of War 1914-1918* (London, 1970) p 203.

Na die eerste dag se feesvierings, was dit rustiger in Parys. Selfs die oorwinning van die Geallieerdes kon nie vergoed vir Frankryk se lang dodelys nie.

In Moskou is die nuus van Duitsland se nederlaag met stille triomf ontvang. Die Verdrag van Brest-Litovsk is formeel deur die Soviet verwerp. Die Bolsjeviste was oortuig dat revolusie Europa binne 'n paar dae sou oorweldig. Hulle het geglo dat Kommunisme op die drumpel was van 'n glorieryke toekoms. In die Weste was menigeen bevrees daarvoor.


Aan die oorlogsfronte het die skietery stadig bedaar. 'Men came out of the trenches and foxholes from Switzerland to the sea and each in his own way celebrated victory or defeat – some in prayer, some in saluts, some simply cadging cigarettes from the erstwhile foe!*'

In Suid-Afrika neem die *Memorable Order of Tin Hats* (MOTH) die inisiatief betreffende vierings van Wapenstilstandsdag. Die organisasie het in 1927 tot stand gekom deur die ywer van Charles Alfred Evender en andere. Die doelstellings van die organisasie is gegrond op hulle pligsgevoel teenoor hulle ontslape kamerade, naamlik om in vrede en welwillendheid hulp te verleen aan agterblewenes en minderbevoorregtes.

Die vorm wat die herinneringsplegtigheid aanneem, verskil in 'n geringe mate van sentrum tot sentrum. Dit bestaan in hoofsaak uit 'n kerkdiens en kranslegging. Gewoonlik word 'Last Post' en 'Reveille' gespeel voordat die parade verdaag.

In Durban byvoorbeeld, sal die verrigtinge by die 1978 herdenking van Wapenstilstandsdag ingelui word deur 'n kranslegging in die oggend. 'n Opmars deur die strate van die stad sal ongeveer 5 000 oorlogsveterane en lede van die organisasie insluit. Daarna volg die indrukwekkende 'Shadow March' waar 'n lig vanaf die oorkant van die straat, elke marsjeerder se beeld vir 'n oomblik op die senotaaf sal vaslê. Na afloop van die kerkdiens wat in albei landstale gelei sal word, verdaag die parade.

Met onfeilbare reëlmaat word dit elke jaar Wapenstilstandsdag, en net so gereeld vergader die oudgediendes om hulde te bring aan die nagedagtenis van hulle kamerade. Elke jaar 'n bietjie gryser; elke jaar 'n bietjie ouer, sorg hulle dat ons nie vergeet nie.


Municipal Council of Potchefstroom — Stadsraad van Potchefstroom

ESSE QUAM VIDERI

**ARMISTICE SERVICE**

**Wapenstilstand Diens**

ON—OP

FRIDAY—VRYDAG

NOVEMBER 11, 1938,

at 10.30 a.m.—om 10.30 v.m.

Biblioteek—Potchefstroom—Library

(1) Hymn .... "O God of Bethel."
Lied .... "O God van Bethel."

(2) Prayer
Gebed .... Ds. H. R. BARRISH.

(3) Scripture Reading
Bybel Lesing .... Rev. L. BARAN.

(4) Toespraak
Address .... Rev. J. A. CUTTEN.

(5) Hymn "O God, Our Help in Ages Past."
Lied "O God van Ouds, Ons Sterke Steun."

LAST POST—LAASTE TAPTOE.

**Two Minutes' Silence—Twee Minute Stilte**

(6) .... REVEILLE.

Voorbeeld van 'n program van 'n Wapenstilstandsviering. Hierdie een is gehou op 11 November 1938 te Potchefstroom.

* Baldwin, H.W. *World War 1 An outline History* (New York 1962) p 153.

**BIBLIOGRAFIE**


1. Lieut-Col Repington: *The First World War 1914 – 1918* (London 1921).
2. A.J.P. Taylor: *The First World War; An Illustrated History* (London 1963.)
3. H.W. Baldwin: *World War One An outline in History* (New York 1962.)
4. J. Terraine: *Impacts of war 1914 - 1918* (London 1970.)
5. M. Ferro: *The Great War 1914 – 1918* (London 1969) p 207 – 226.
6. *HOME FRONT – Official magazine of the MOTH* Vol 40 – 50 Durban.